SOETGOED vir die SIEL

Ná drie groot verliese die afgelope drie jaar, en nou ook die prysgee van haar geliefde twee honde, kyk Susan Coetzer in haar winterseisoen na Bo en besef sy is nie alleen op die lang pad nie...

Die afgelope drie jaar is ek deur 'n seisoen van verlies. In 2011 sterf my ma, in 2012 verkrummel my dertien jaar lange huwelik en tree ek uit as mede-eienaar van Die Blou Hond restaurant. In 2013 reis ek vroualleen sonder 'n *partner* deur die land en *juggle* om die stukke van my lewe tuis en op die pad bymekaar te hou.

Die afgelope maande kom ek weereens voor verlies te staan. Dié keer het ek wel 'n keuse: Ek moet kies of ek 'n nuwe, beter tuiste vir my twee Weimaraners wil soek en of ek verbete wil vasklou aan hierdie afskeepverhouding. In my hart weet ek my rondreisende leefstyl en beperkte enkel-erf is toksies vir die honde. Hulle verdien gefokusde aandag en 'n groter ruimte om hulle lewensenergie positief uit te leef.

Maande lank probeer ek die ding uitstel en anderkant toe kyk, tot ek tydens 'n reis 'n oproep van my nuwe huurder kry: "Die honde het weggehardloop toe ek die hek oopmaak om uit te ry. Ek was al twintig keer om die blok, maar kry hulle nêrens."

Ek is op pad terug van Petrusburg af en baie ver van my huis in Johannesburg. Ek besef daar is min wat ek kan doen om te help soek.

Ek ry droewig voort. 'n Uur later bel die Linden-veearts my: "We have Stoffel and Gracie. Somebody found them wandering in the streets and dropped them off."

Ek jaag met my voet diep op die brandstofpedaal.

"Dankie, Here, dat hulle ongedeerd is," prewel ek. Ek besef dat ek 'n nuwe tuiste vir hulle moet vind. Volgende keer is ek dalk nie so gelukkig om hulle lewendig terug te kry nie.

Die volgende dag is dit grys en reënerig, soos my gemoed. Ek neem deur my trane foto's van Stoffel en Gracie en sit dit op my Facebook-blad. Ek kontak ook die Weimaraner *rescue*-webwerf. Ek kyk hartseer na die enkele mense wat reageer. Sal hulle goed wees vir my honde? My slaapritme raak versteur, ek kry oor-en-keelinfeksie.

Wat gaan aan? wonder ek in die laatnagure met my kop wat klop. Ek begin al hoe meer voel soos 'n boom wat al haar blare verloor het en gestroop in 'n sneeulandskap staan en bibber.

Ek staan op en maak tee. Dit voel asof iemand my in 'n tuimeldroër gestop het en vergeet het om die *timer* af te skakel. Om en om en om skommel die stukke van my lewe.

Juliemaand is die maand waar geestelike welstand amptelik die fokus kry in ons land.

Dalk is jou gees in 'n seisoen van siekte en nood. Om geestelik ongesteld te wees beteken nie jy is 'n psigopaat, skisofreen of narsis of ly aan bipolêre gemoedsversteuring nie.

Dit kan wees dat jy net in 'n tuimeldroërseisoen beland het – soos ek. Dat jy jou blare net te onverwags verloor het en professionele bystand nodig het om jou lewe te herstel.

Soms probeer ons wanhopig om die ou, verweerde legkaartprent weer te bou, in plaas van om die Here toe te laat om 'n splinternuwe prent vir ons te wys.

Stoffel en Gracie het 'n liefdevolle huis op 'n groot, bebosde erf gekry. Hulle is nou deel van 'n familie met genoeg liefde, tyd en ruimte. Was dit maklik om te laat gaan? Om my hande oop te maak? *To let go and let God*? Nee, dit was nie.

Maar die enigste pad na geestelike gesondheid weet ek is om die "donker, hol kol" waarvoor jy bly weghardloop, in die oë te kyk en dit in diepte deur te werk.

My nuwe lewensprentjie is nog nie kristalhelder nie, maar ek vorder mooi met die legkaartstukke.

Ek bestee baie stiltetyd by Hom en besoek steeds maandeliks 'n terapeut om my te help om my nuwe lewe optimaal te herbou.

Elke dag is 'n nuwe uitdaging asook 'n besondere voorreg as rondreisende, enkellopende vrou. Ek ry graag die kilometers om 'n groen blaartjie van hoop te bring aan ander wat 'n winterseisoen beleef.

Want oor een ding is ek seker: Die Here is met jou in elke seisoen. Ook in die tuimeldroër- en winterseisoen. Jy moet net oorgee en vertrou dat Hy in beheer is. Dat jy weer op 'n mooi stukkie aarde sal kom en daar nuwe groen steggies sal plant.

Voorpublikasie-aanbod op voelgoedwinkel.co.za: Susan Coetzer Dagbeplanner 2015.